**EIENDOMSNAAM EN DOSERINGSVORM:**

# KIERIE SE MOER (KAPSULES)

**SAMESTELLING**:

Elke kapsule, bedoel vir mondelikse inname, bevat Deglycyrrhizinated Liquorice (DGL), Withania Somnifera Ekstrak, Gemmer, Borrie, Buchu, Bioperine, Kollageen poeier, Harpagophytum procumbent, en Fulvic Acid poeier, gelyk aan 500mg.

**FARMAKOLOGIESE AKSIE:**

Kierie se Moer mag help met verskeie soorte kroniese spanning en verwante tipes inflammasie. Daar word veronderstel dat dit die natuurlike kortisol produksie van die byniere onderdruk.

**INDIKASIES:**

Kroniese spanning

Inflammasie

Voorkoming van vroëe veroudering

**KONTRA-INDIKASIES:**

Indien daar enige sensitiwiteit teenoor enige van die bestanddele is, staak dadelik gebruik en raadpleeg ‘n geneesheer.

**WAARSKUWING:**

Pasiënte op kroniese medikasie, veral bloedverdunners, hoë bloeddruk, en suikersiekte, moet versigtig wees, aangesien Kierie se Moer hierdie medikasies se aksie mag versterk.

Hierdie produk is nie getoets vir veiligheid tydens swangerskap en/of borsvoeding nie.

**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:**

Volwassenes: Neem 2 kapsules twee keer per dag, verkieslik 2 ure voor of na ander medikasie.

**NEWE EFFEKTE:**

Newe effekte mag die volgende behels: vel uitslag, maag krampe, en diaree. Indien enige van hierdie ervaar word, en nie binne ‘n paar dae verbeter nie, staak gebruik en raadpleeg ‘n geneesheer.

**BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN**:

Daar is geen bekende simptome van oordosering nie. Lees ook NEWE EFFEKTE.

**IDENTIFIKASIE:**

‘n Bruin poeier gekapsuleer in grootte 00 kapsule.

**AANBIEDING:**

Kapsules in ‘n verseëlde pak van 120 kapsules.

**BERGINGS INSTRUKSIES:**

Berg teen of onder 25° C **IN OORSPRONKLIKE VERPAKKING** en beskerm teen lig en vog. **HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.**
Aanvullende medikasie. Hierdie ongeregistreerde medikasie is nie deur SAHPRA getoets vir kwaliteit, veilligheid, of voorgestelde gebruik nie.

**NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE VERVAARDIGER EN VERSPREIDER:**
Pierre@Ecohealth Pty Ltd 2014/265835/07, 19 Pieter Street, Highveld Techno Park, Centurion, 0169
**DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PAMFLET:** 17 Oktober 2023